AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Deeltydse dosent:*

DATA-ANALISE VIR REKENINGKUNDE

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Julie 2026 ŉ **deeltydse pos** vir ŉ dosent in Data-analise vir Rekeningkunde in die Departement Rekenaarwetenskappe beskikbaar. **Die module word twee maal per week op die Leriba-kampus aangebied.**

## POSDOELSTELLING

ŉ Dosent is daarvoor verantwoordelik om gehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering, asook akademiese gemeenskapsdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot volwaardige mense word hoog op prys gestel.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- voorbereiding en dosering van die module-inhoud
- bestuur van module-inhoud op die leerbestuurstelsel
- opstel en merk van assesseringsaktiwiteite
- lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente
- koördinering van die module op die nauurse afstandsmodel asook die Paarl-kampus

## POSVEREISTES

- ŉ honneursgraad in Rekenaarwetenskappe of relevante dissipline
- ervaring in Python en data-analise
- ervaring in opleiding of onderrig van data-analise
- blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia

## VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- onafhanklik in ŉ spanverband funksioneer
- inisiatief kan neem
- oplossingsgedrewe
- vermoë om werk onder druk te voltooi
- ingesteldheid om ŉ ambassadeur vir Akademia te wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 31 Mei 2026 ingedien word.** Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.